Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

17 April 2020

Ouers en Voogde as Geloofsvormers

Liewe Ouers en Voogde,

Ons bevind ons self in ‘n vreemde tyd. Weens die Covid-19 pandemie het ons besluit om alternatiewe roetes te volg om steeds saam met die Jongmense te groei.

Ons wil baie graag die reis saam met julle en julle jongmense stap en moedig ons ouers en voogde sterk aan om saam met die jongmense hierdie geloofspad te stap. Al is dit dalk nie altyd vir die jongmense so lekker nie, is dit regtig belangrik en sien ons werklik die verskil in ‘n jongmens se lewe wat saam met ander familielede of voogde kerk ervaar.

Dit is belangrik dat julle as ouers saam met ons verantwoordelikheid moet neem vir die vorming van ons jongmense se geloof. Dit is vir ons ’n massiewe voorreg om met ons jongmense te werk en deel te vorm van hulle vorming. Ons neem dit baie ernstig op en is opgewonde oor elkeen se reis.

Alle ouers/voogde en jongmense word uitgedaag om elke week saam die Leefdiens te kyk wat op **YouTube** uitgesaai sal word. Die **Leefdiens** sal om **18:00 op Sondae** beskikbaar wees. Na die uitsending sal daar om **19:00** met die **Leefgroepe** se jongmense geprekke wees (WhapsApp, Zoom, ens.) saam met die Leefleiers.

Ons sal die gesprekke lei en materiaal weekliks deel op die WhatsApp Leefgroepe.

Ons nooi julle uit! Kontak gerus vir ds. Wynand Breytenbach (071 640 9797) of dr.Tinus van Zyl (083 289 4985) indien jy wil gesels of sommer net iets wil deel.

Vriendelike groete,

Durbanville Gemeete se
Leefdiens-span,
Wynand en Tinus